



Enige onderneming en veral 'n boerdery-onderneming word net geniet as dit winsgewend is. Lae-insetgenetika oftewel lae onderhoudgenetika is 'n nuwe fase van teling waarin ons kyk na optimale produksie ipv maksimum produksie. Wat my opgewonde maak, is dat dit 'n wetenskap is. Slegs as iets 'n wetenskap is, is daar vordering. Ons weet tog dat ons nie meer winsgewend is deur net groter en swaarder speenkalwers te produseer nie. "Groter is nie altyd beter nie."



Daar moet met net een oogmerk na alle aspekte van die boerdery gekyk word en dit is om seker te maak soveel moontlik kalwers word elke jaar op die vragmotor gelaai.

Voor dit gebeur, is alles net akademies. Kilogramme vleis betaal die rekeninge.

Net om almal se geheue te verfris: lae-insetgenetika vra 'n totale benadering:

■ **GENETIES (SELEKSIE EN MEET)**

Vrugbare diere met vroeë puberteit

Optimale melk vir jou gebied (46-48% speenverhouding) BLUP hulp

Genoegsame groei om in voerkraal of op die veld afgerond te kan word

■ **FENOTIPIES (REGTE TIPE DIER)**

Medium raam met goeie kapasiteit (nie noodwendig ligter in gewig)

Diere wat vroeg in lente verhaar

Dier wat LKT behou of vinnig bereik na die winter

"Easy fleshing" (diere wat proteïen effektief kan stoor)

■ **HULPBRON VERBETERING**

Potensieel hoër "stocking rate"

■ **IN SYNC MET DIE NATUUR**

Vir laagste moontlike kostes vind die regte tyd om te kalf.

■ **KUDDESAMESTELLING**

Langslewendheid en daarom minder "onproduktiewe" diere. (eerstekalf-diere)

LAE-INSETGENETIKA...

'n stappie
verder

hoekom
die
artikel
lees

Beesboere weet dat hulle nie meer winsgewend is deur net groter en swaarder speenkalwers te produseer nie. Alle aspekte van die boerdery moet in ag geneem word met net een mikpunt en dit is om seker te maak soveel moontlik kalwers word elke jaar in die vragmotor gelaai. Voor dit gebeur is alles net akademies. Kilogramme vleis betaal die rekeninge.

“Cows with a higher milk yield also tend to have increased visceral and organ mass thus increasing energy requirements even when the cow is not lactating”

SOLIS ET AL., 1988

Ek wil graag in hierdie uitgawe fokus op 2 praktiese aspekte in hierdie totale benadering wat boere kan help om uiteindelik meer winsgewend kalwers te produseer. Ek dink ons het in die vorige artikel genoeg gefokus op die genetiese indikatore wat ons aan aandag moet gee en die grootste daarvan is sekerlik die melk BLUP TW en dan “size”. Wat die melk betref fokus op ’n TW gelykstaande aan ras gemiddeld of dan wat optimaal is vir jou gebied.

Die nuutste navorsing sê:

“Cows with a higher milk yield also tend to have increased visceral and organ mass thus increasing energy requirements even when the cow is not lactating” (Solis et al., 1988)

	Koeie	Bulle
Tipe 1	116	127
Tipe 2	121	132
Tipe 3	127	137
Tipe 4	132	142
Tipe 5	137	147
Tipe 6	142	152

Dieselfde geld vir “size/type”. Ek dink ons is nog ’n bietjie lukraak rondom die interpretasie van raamgrootte. Dit bly amper elkeen se persoonlike gevoel en/of interpretasie en dan speel die gebied ook nog ’n baie groot rol. Die Amerikaners het baie meer definitiewe mates rondom grootte en is soos links gesien kan word:

Ek dink die feite omtrent grootte is dat meduimraamkoeie meer winsgewend vleis produseer as die groter koeie (ongegag die gebied waarin hulle gedy) omdat hulle in verhouding meer kilogram meer gereeld produseer.

Die eerste baie belangrike aspek waaraan ek wil aandag skenk, is liggaamkonsidietelling (LKT). Dit word gebruik as 'n koorspen om jou om risiko te bestuur. LKT is 'n bepaling van die realitiewe vetheidsgraad van die koeikudde op 'n skaal van 1-9, waar 1 maer en 9 spekvet is. Soos ons weet, is die LKT by kalwing die beste aanwyser vir herbesetting.

Die postpartum interval is die tydperk van kalwing tot eerste estrus (hitte) na kalwing. Vir 'n koei om 'n minder as 365 dae TKP te handhaaf, moet sy herbeset raak minder as 82 dae na kalwing. Die volgende navorsing deur Hought et al. (1990) wys dat koeie met 'n LKT van 3-4 sukkel om binne 80 dae weer op hitte te kom, terwyl koeie wat kalf op 'n LKT van 5-6 dit regkry teen 55 dae na kalwing. LKT van 7 se postpartum is slegs 31 dae, maar dit is dalk nie koste-effektief om diere tot daardie vlak te "voer" nie. Die beste manier om hierby uit te kom, is om in tyd met die natuur te wees.

LKT bepaal die interval van kalwing tot eerste hitte

BCS	Postpartum interval (Dae)
3	89
4	70
5	59
6	52
7	31

Koeie wat op 'n LKT van minder as 4 kalf, produseer minder Kolostrum en gee geboorte aan 'n minder lewenskragtige kalf wat langer vat om te staan. Hierdie kalwers het laer vlakke immoglobulin, wat versoorsoak dat hulle meer beïnvloed word deur allerhande kalwersiektes. Daarom moet jy probeer om die koeie te laat kalf op 'n LKT van minstens 5 en eerstekalfverse op 'n LKT van minstens 6. Wanneer hierdie eenvoudige evaluasie gedoen word, moet jy oplet dat die volgende faktore jou nie mislei nie:

- Hare (voordelig in die kouer dele nie, solank verharing net vroeg plaasvind in die lente), koei-ouderdom, rumenvolheid en dragtigheidsstadia.
- Die mikpunt van LKT is om die vetheidsgraad te evalueer ongeag hierdie faktore.

Wanneer behoort ons dit te doen?

Omdat LKT by kalwing die beste aanwyser is vir herbestetting, moet ons nie tot dan wag nie, want om 'n koei wat soog se LKT te lig, is duur. My gevoel is om dit voortdurend dop te hou en as 'n risiko te bestuur.

- **LAATSOMER, BEGIN HERFS:** Om in moeilike jare vroeër te speen indien nodig
- **SPEENTYD:** Veral om by jonger koeie vroeg aanvullings te gee indien nodig

- **45 DAE NA SPEEN:** Om te evalueer hoe diere herstel ("bounceback") na speen
- **90 DAE VOOR KALWING:** Laaste geleentheid om diere betreklik goedkoop op teiken te kry indien nodig
- **KALFTYD:** Hiervandaan is dit moeilik en duur om diere op kondisie te kry
- **BEGIN VAN TEELSEISOEN:** 'n Laaste poging om diere beset te kry

Onthou dat 'n beesboer iemand is wie se diere sonenergie omskakel in 'n smaaklike, proteïenryke voedselbron.

Naas vrugbaarheid (kalwers) het "stocking rate" seker die grootste impak op winsgewendheid. Dit moet voorafgegaan word deur die vrugbaarheid van jou grond te verbeter. Dit is op sy beurt 'n wetenskap en ek gaan kortliks daarna verwys. Die gekontroleerde voervloei-beweidingsbestuurstelsel, glo ek, kan 'n GROOT bydrae lewer tot laeonderhoudproduksie, want dit bring koste (veral lekkoste) af, het 'n hoër "stocking rate" tot gevolg en laat diere beter presteer.

Die program werk kortliksas volg:

Die werklikheid is dat jy nie vir plant en dier kan sorg op dieselfde stuk grond in dieselfde jaar nie. Daarom bewei jy die helfte van die plaas vir maksimum diereproduksie en rus die ander helfte vir maksimum grasproduksie. Hierdie oorskakeling is 1 Augustus (of selfs vroeër, verkieslik nie later nie omdat ons nie enige hergroei wil afvreet nie) elke jaar. Die oorskakeling vind plaas wanneer die materiaal volume normaalweg op sy laagste was en met die stelsel gaan jy dan oor na 'n jaar se spaarveld. Dit verlaag lekinname met minstens 25-30% of selfs meer oor hierdie moeilike periode. Dit is ook in lyn met LKT-waarneming die laaste 90 dae voor kalwing om die diere se LKT op die optimale vlak te kry vir herbesetting.

Die vrugbaarheid van die grond verbeter omdat die rusperiode 'n groter wortelreserwe bewerkstellig. Wanneer ons die plante ontblaar, sterf van daardie wortels af, wat die humus voorsien vir die verbetering van grondvrugbaarheid. Dit dien ook as 'n droogterisiko-indikator in die herfs. Tydens speen kan beplanning oor die voedselreserwes vir die daaropvolgende jaar gedoen word. Indien te min, kan diere bemark word en indien nie, kan diere teruggehou of ingekoop word vir maksimum produksie.

Navorsing het ook bevestig dat plante wat lank gerus het, 'n baie groter wortelstelsel het wat 50% meer groeikragtige is met 25 mm reën as plante wat gereeld ontblaar word en 'n kleiner wortelstelsel het.

Saam met die ander aspekte is hierdie twee dalk dié wat meer kalwers lewer en tot lae inset genetica bydra. Diere waarvan die LKT behoue bly deur die jaar, sal herbeset raak en nog steeds presteer, selfs wanneer die "stocking rate" verhoog.